# BScHons Toegepaste Wetenskap Vervoerbeplanning (12243009)

| | |
|---|---|
| **Minimum duur van studie** | 1 jaar |
| **Totale krediete** | 128 |

## Programinligting

Die BScHons (Toegepaste Wetenskap)-graad word deur die volgende akademiese departemente toegeken:

- Bedryfs- en Sisteemingenieurswese
- Chemiese Ingenieurswese
- Materiaalkunde en Metallurgiese Ingenieurswese
- Meganiese en Lugvaartkundige Ingenieurswese
- Mynbou-ingenieurswese
- Siviele Ingenieurswese

Enige spesifieke module word aangebied op voorwaarde dat ’n sekere minimum getal studente daarvoor inskryf, soos bepaal deur die departementshoof en die Dekaan. Raadpleeg die betrokke departementshoof oor die samestelling van ’n sinvolle nagraadse studieprogram, asook oor die leerplanne van die modules. Raadpleeg ook die betrokke departementele nagraadse brosjures.

## Toelatingsvereistes

‘n Toepaslike baccalaureusgraad, ‘n BTech-graad of gelykwaardige kwalifikasie.

## Ander programspesifieke inligting

Die balans van die krediete moet gekies word uit die voorgeskrewe modules vir die BIngHons (Vervoeringenieurswese)-program, met goedkeuring van die departementshoof, en na afhandeling van die toepaslike modules uit die lys soos uiteengesit.

Die modules CPB 410, CBI 410, en CSS 420 vorm nie deel van die nagraadse blokaanbiedings nie. Individuele reëlings moet getref word met die betrokke dosent met betrekking tot die bywoning van lesings, studiemateriaal, toetse en opdragte.

# Kurrikulum: Finale jaar

**Minimum krediete: 128**

## Kernmodules

Basiese padontwerp en vervoer 787 (SGM 787) - Krediete: 24.00
Basiese statistiese metodes 797 (SHC 797) - Krediete: 24.00
Siviele navorsing 780 (SSC 780) - Krediete: 32.00

## Keusemodules

Plaveiselontwerp 793 (SGC 793) - Krediete: 24.00
Infrastruktuur-bestuur 790 (SSI 790) - Krediete: 24.00
Vervoerstudies 790 (SVC 790) - Krediete: 24.00
Verkeersingenieurswese 792 (SVC 792) - Krediete: 24.00

Die inligting wat hier verskyn, is onderhewig aan verandering en kan na die publikasie van hierdie inligting gewysig word.. Die Algemene Regulasies (G Regulasies) is op alle fakulteite van die Universiteit van Pretoria van toepassing. Dit word vereis dat elke student volkome vertroud met hierdie regulasies sowel as met die inligting vervat in die Algemene Reëls sal wees. Onkunde betrefffende hierdie regulasies en reels sal nie as ‘n verskoning by oortreding daarvan aangebied kan word nie.